NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur | 100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2021

VRAAG 1 BEGROTINGS [30 punte; 36 minute]

Sindi's Boutique (wat deur Sindi besit word) verkoop duur, luukse klere. Hul verkope is sedert Maart 2020 op 'n afwaartse spiraal vanweë die ekonomiese afswaai.

Sindi's Boutique

Geprojekteerde Inkomstestaat vir Januarie 2022

	Januarie
Verkope	343 900
Koste van verkope	(181 000)
Bruto wins	162 900
Bedryfsuitgawes	(190 220)
Werknemerkoste	55 020
Huuruitgawe	62 700
Elektrisiteit	50 000
Oninbare skuld	13 900
Ander	8 600
Bedryfswins	(27 320)
Rente-uitgawe	(13 350)
Netto wins (verlies) vir die maand	(40 670)

Geraamde saldo's op 28 Februarie 2022:

- Totale bates: R1 245 776
- Niebedryfslaste (lenings): R1 254 000
- Handelskrediteure: R72 400

Aansuiwerings en bykomende inligting

1. 80% van hul verkope is op krediet. Hul geprojekteerde debiteure-invordering is soos volg:
   - 5% word in die maand na die verkoopstransaksie ingevorder.
   - 10% word twee maande na die verkoopstransaksie ingevorder.
   - 60% word drie maande na die verkoopstransaksie ingevorder.
   - 20% word in die vierde maand na die verkoopstransaksie ingevorder.
   - 5% word aan die einde van die vierde maand afgeskryf.

2. Sindi's Boutique handhaaf 'n vaste voorraadpeil.

3. Sindi beplan om op 1 Februarie 2022 die boetiek se winsgrens van 90% tot 110% te verhoog.

4. Die eienaar van die winkelperseel wat aan Sindi's Boutique verhuur word, het gevra of sy 'n paar rokke teen 'n verkoopsprys van R13 650 in Februarie kan neem (kosprys van R6 500). Die verkoopsprys sal afgetrek word van die huur wat in Februarie betaal moet word.

IEB Copyright © 2021

5. 60% van die voorraadaankope is vir kontant, en 40% is op krediet.

6. Die werknemerkoste bestaan uit bruto salarisse plus 1% WVF-bydrae, 10% pensioenfondsbydrae en 20% mediesefonds-bydrae. Sindi beplan om van die einde van Januarie 2022 af op te hou om tot die pensioenfonds en die mediese fonds by te dra.

7. Sindi's Boutique se **ander** uitgawes vir Februarie bestaan uit die volgende:
   - Kontantaankope van verbruiksgoedere – R4 000
   - Waardevermindering op toerusting – R3 490
   - Kontantaankope van skryfbehoeftes – R1 110

8. Sindi's Boutique het drie kasregisters. Sindi het besluit dat hulle met twee kan regkom en het 'n kontantkoper vir een van hulle gekry. Sy sal dit in Februarie verkoop. Die besonderhede van die kasregister wanneer sy dit in Februarie verkoop, sal soos volg wees:
   - Kosprys: R7 000
   - Opgehoopte waardevermindering op datum van verkoopstransaksie: R4 230
   - Wins op verkoop van bate: R120

9. Die rente-uitgawe bestaan uit rente op bankoortrekking (R3 945) en rente op lening (R9 405). Die rente op lening word elke maand na die leningsrekening gekapitaliseer. 'n Debietorder van R23 000 gaan elke maand van die bankrekening af om die lening af te betaal.

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING [44 punte; 53 minute]

Dis-Chem Ltd en Clicks Ltd is albei genoteerde farmaseutiese maatskappye (hulle verkoop medisyne) wat ook gesondheids- en skoonheidsprodukte, babaprodukte, skoonmaakmiddels en toiletware verkoop. Clicks verkoop toestelle soos ketels en broodroosters, terwyl Dis-Chem speelgoed, gesondheidskoene en gesondheidsvoedsel verkoop. Clicks het in 1979 op die JSE genoteer en het 881 winkels in Suid-Afrika, terwyl Dis-Chem in 2016 genoteer het en 170 winkels het. Dis-Chem probeer om elke jaar ongeveer 18 nuwe winkels te open.

Aangepas uit die **STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE op 31 Augustus**
Winsgewendheidsverhoudings:

	DIS-CHEM		CLICKS	
	2020	**2019**	**2020**	**2019**
Bruto wins op verkope	22,95%	24,38%	20,98%	21,34%
Totale inkomste uit verkope	28,67%	29,1%	27,28%	27,59%
Bedryfsuitgawes aan verkope	23,6%	22,68%	19,23%	19,51%
Bedryfswins op verkope	5,08%	6,42%	7,34%	7,94%
Netto wins na belasting op verkope	2,5%	3,5%	5,5%	5,37%

Syfers:

	DIS-CHEM 2020 R'000	CLICKS 2020 R'000
Verkope	R24 944 000	R34 364 000
Koste van verkope	R19 219 000	R27 156 000
Netto wins na belasting	R623 600	R1 880 175

VERHOUDINGS vir die 12 maande geëindig 31 Augustus

	DIS-CHEM		CLICKS	
	2020	**2019**	**2020**	**2019**
Opbrengs op aandeelhouersekwiteit	23,6%	24%	37,8%	37%
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	12%	15%	25%	26%
Skuld–ekwiteit-verhouding	?	1,5 : 1	0,37 : 1	0,35 : 1
Bedryfsverhouding	1,32 : 1	1,31 : 1	1,2 : 1	1,2 : 1
Vuurproefverhouding	0,45 : 1	0,45 : 1	0,59 : 1	0,62 : 1
Dae se voorraad voorhande	?	95 dae	66 dae	70 dae
Debiteure-invorderingstydperk	25 dae	21 dae	31 dae	37 dae
Krediteurebetalingstydperk	79 dae	79 dae	60 dae	73 dae

Dis-Chem se effektiewe rentekoers op niebedryfslaste is 4,5%.

IEB Copyright © 2021

Aandele-inligting op 31 Augustus

	DIS-CHEM		CLICKS	
	2020	**2019**	**2020**	**2019**
Netto batewaarde	?	244 sent	1 903 sent	1 811 sent
Aandeleprys op 31 Augustus op die JSE	1 826 sent	2 225 sent	23 000 sent	19 900 sent
Verdienste per aandeel	75 sent	65 sent	751 sent	675 sent
Dividend per aandeel	16 sent	33 sent	450 sent	327 sent

Let wel: Dis-Chem het nie op 31 Augustus dividende verklaar nie vanweë kommer oor kontantvloei.
Dis-Chem het 'n totaal van 860 085 000 uitgereikte aandele.
Clicks het 'n totaal van 250 212 000 uitgereikte aandele.

Aangepas uit die **STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE op 31 Augustus**

	DIS-CHEM		CLICKS	
BATES	**2020 R'000**	**2019 R'000**	**2020 R'000**	**2019 R'000**
Niebedryfsbates	3 901 483	3 696 261	5 530 507	5 045 548
Bedryfsbates	7 348 605	6 587 606	9 743 698	10 023 576
Voorraad	4 840 424	4 339 208	4 920 919	4 710 169
Handels- en ander debiteure	1 841 227	1 366 541	2 567 215	2 567 123
Kontant en kontantekwivalente	421 446	657 313	2 152 483	2 613 554
Ander	245 508	224 544	103 081	132 730
TOTALE BATES	11 250 088	10 283 867	15 274 205	15 069 124
EKWITEIT EN LASTE				
Ekwiteit	2 620 371	2 101 620	5 193 951	4 786 987
Aandelekapitaal	6 155 554	6 155 554	1 067 440	1 067 574
Behoue inkomste	1 082 572	573 738	4 112 155	4 610 936
Ander reserwes	(4 617 755)	(4 627 672)	14 356	(891 523)
Niebedryfslaste	3 075 932	3 141 341	1 940 022	1 688 563
Bedryfslaste	5 553 785	5 040 906	8 140 232	8 593 574
Handels- en ander krediteure	4 326 229	3 517 033	6 746 977	7 303 492
Huurverpligting	352 743	306 492	890 411	852 702
Ander	491 521	388 728	502 844	437 380
Bankoortrekking	383 292	828 653	–	–
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	11 250 088	10 283 867	15 274 205	15 069 124

Dis-Chem is skuldig bevind aan oormatige gesigmaskerprysvasstelling. Laat in Februarie 2020 het hulle die prys van maskers met tussen 43% en 261% verhoog. Dis-Chem sal 'n boete van R1,2 m betaal, hoewel die Mededingingskommissie gevra het dat hulle met 10% van jaarlikse omset beboet word.

Prokureurs het aangevoer dat Dis-Chem hoër pryse van verskaffers verwag het vanweë wêreldwye maskertekorte en dat hulle 'n laer prys as mededinger Clicks gekies het. Hulle wil egter nie meer deur ander korrupsieskandale aangetas word nie, dus het hulle hul appèl onttrek en sal hulle skik en die boete betaal.

Bygewerk: *21 Augustus 2020*

[Bron: <https://www.businesslive.co.za/bd/companies/retail-and-consumer/dis-chem-withdraws-appeal-over-masks-due-to-reputational-fallout/>]

VRAAG 3 VERSOENINGS [26 punte; 31 minute]

Jay besit 'n gimnasium genaamd Fun Fitness. Fun Fitness koop al hul toerusting by Muscle Machines omdat hulle 'n 12%-handelskorting op alle aankope ontvang, alhoewel daar van hulle verwag word om binne 30 dae van staat te betaal. Muscle Machines is hul enigste krediteur.

Die ander maatskappye wat dieselfde toerusting verkoop, bied 'n 3%-handelskorting, maar kan binne 90 dae van staat betaal word.

Hieronder is die staat wat Fun Fitness op 30 November 2021 van Muscle Machines ontvang het.

Muscle Machines

Fun Fitness Staatno.: 18
Vitamienkompleks 20
Trapmeulweg Datum: 30 November 2021

Datum		Transaksies	Debiet	Krediet	Saldo
2021 Aug	8	Faktuur X23	88 000		88 000
Sept	5	Faktuur X27	74 800		162 800
	7	Kredietnota N73		12 200	150 600
Okt	1	Rente	4 400		155 000
	19	Faktuur X32	120 000		275 000
	29	EFO		81 840	193 160
		Korting		6 160	187 000
Nov	1	Rente	3 730		190 730

Bepalings:

- Korting word verleen op betalings binne 30 dae van staat.
- 5% rente per maand word gehef na 30 dae agterstallig van datum van staat.

Ouderdoms-ontleding:

90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
??	??	??	??

Die kredietnota N73 was vir toerusting wat teruggestuur is en gekoop is op faktuur X27.

Saldo's/totale op jaareinde 30 November 2020:

- Muscle Machines R133 150

Saldo's/totale op jaareinde 30 November 2021:

- Totale kredietaankope by Muscle Machines R790 800
- Totale terugsendings aan Muscle Machines R80 700
- Muscle Machines R152 760

IEB Copyright © 2021

Inligting vir die beantwoording van Vraag 3.5:

Foute en weglatings word gevind toe die Fun Fitness-boekhouer die Krediteurestaat met die Krediteuregrootboek vergelyk:

1. Muscle Machines het die handelskorting op faktuur X32 vergeet. Fun Fitness het die handelskorting afgetrek toe hulle die faktuur opgeteken het, aangesien hulle besef het dat Muscle Machines 'n fout moes gemaak het.

2. Faktuur X77 vir R24 000 verskyn in Muscle Machines se rekening in die Krediteure-grootboek. Na verdere ondersoek word vasgestel dat dit 'n faktuur is van *Fitness Magazine* vir advertensies.

3. Fun Fitness was nie bewus van die korting wat Muscle Machines op 29 Oktober verleen het nie.

4. Fun Fitness het Muscle Machines op 30 November R50 000 betaal via EFO. Dit is in die Kontantbetalingsjoernaal ingeskryf en na die grootboeke gepos.

5. Muscle Machines het die rente op 1 November verkeerd bereken. Die rente op 1 November is nog glad nie in Fun Fitness se Krediteuregrootboek ingeskryf nie.

IEB Copyright © 2021